



AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL II

Tyd: 2½ uur

100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye en 'n Antwoordboekie van 3 bladsye in die middel van die vraestel. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
 2. Verwyder die Antwoordboekie uit die middel van jou vraestel. Skryf dadelik jou eksamennommer op die los Antwoordboekie. Onthou om die Antwoordboekie saam met jou antwoordboek in te handig.
 3. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE AFDELINGS.
Afdeling A Letterkunde (60 punte)
Afdeling B Transaksionele skryfwerk (40 punte)
 4. Beantwoord slegs EEN voorgeskrewe werk in AFDELING A.
Vraag 1 – 4: *Lien se Lankstaanskoene* (Derick van der Walt)
Vraag 5 – 8: *Die Verdwyning van Mina Afrika* (Zuretha Roos)
 5. Beplan jou antwoorde deeglik voordat jy dit neerskryf.
 6. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy.
 7. Nommer jou antwoorde soos op die vraestel.
 8. Alle vrae moet **in Afrikaans** beantwoord word.
-

AFDELING A LETTERKUNDE

INSTRUKSIES VIR AFDELING A

1. Beantwoord **SLEGS** die vrae oor die voorgeskrewe werk wat **JULLE BEHANDEL** het.
2. Beantwoord **AL VIER** die vrae oor jou voorgeskrewe werk.
3. Begin elke vraag op 'n nuwe bladsy. Skryf die vraagnommer boaan die bladsy.
4. Beantwoord **Vraag 3** (*Lien se Lankstaanskoene*) of **Vraag 7** (*Die verdwyning van Mina Afrika*) in die los Antwoordboekie.
5. Beplan jou antwoorde eers deeglik voordat jy jou finale antwoord neerskryf.

BEPLANNING

1. Doen die beplanning van jou antwoord op die linkerkantse bladsy van die boek.
 - (a) Skryf die opskrif: BEPLANNING boaan.
 - (b) *Jou beplanning in hierdie afdeling word nie bepunt nie – dit is slegs om jou te help om die antwoord goed te formuleer.*
2. Let op na die puntetoekenning by elke vraag.
3. **Skryf die getal woorde aan die einde van elke vraag neer.**

VOORBEELD:

<p>BEPLANNING (linkerkantse bladsy)</p>  <p>(Moenie te veel tyd aan die beplanning bestee nie)</p>	<p>VRAAG 1 (regterkantse bladsy)</p>  <p>Bv. 205 woorde</p>
--	---

LIEN SE LANKSTAANSKOENE – Derick van der Walt

Daar is vier vrae oor *Lien se Lankstaanskoene*. Beantwoord al vier hierdie vrae.

VRAAG 1

Lees die onderstaande uittreksel en voer dan die opdrag uit.

Aan: Lien Jooste
 Van: Hein Venter
 Kwotasie vir karretjie met drie wiele vir vriend.
 (Kwotasie geldig vir 30 dae)



1.1 Beantwoord die volgende vrae puntsgewys:

- 1.1.1 Die vriend na wie verwys word, is Tibbey. **Waarom** het hy die karretjie nodig? (1)
- 1.1.2 Wat het Lien gedoen om **ekstra** geld te kry om vir Tibbey se karretjie te betaal? (1)
- 1.1.3 Noem drie maniere, behalwe die kwotasie in die uittreksel, waarop Hein vir Tibbey gehelp het. (3)
- 1.1.4 Dirkie en Donovan is ook Lien se vriende. Maak 'n lys van drie dinge wat hulle vir haar gedoen het wat aandui dat hulle vir haar omgee. (3)
- 1.1.5 Wat het tot konflik tussen Lien en Riekie gelei? (1)
- 1.1.6 Waarom, dink jy, kon Lien nie meer vriende met haar ou skoolmaats wees nie? (1)

1.2 Lien het 'n paar vriende tydens haar skoolloopbaan by **Jakaranda** gemaak. Skryf 'n paragraaf (nie meer as 80 woorde nie) waarin jy haar vriendskap met Wouter **bespreek**.

Onthou:

- Waar het Lien vir Wouter die eerste keer ontmoet?
- Hoe het Wouter vir Lien met een van haar probleme gehelp? (Identifiseer die spesifieke probleem **en** sê hoe Wouter haar gehelp het.)
- Watter invloed het die vriendskap op Lien gehad?


Inhoud 4
 Taal 1

(5)
[15]

VRAAG 2

2.1 Die karakters in die verhaal het met baie probleme geworstel.

Bestudeer die diagram hieronder. Skryf 'n paragraaf van ongeveer 80 woorde oor die probleme wat die karakters ervaar het.



(8)

2.2 Tannie Bets het Lien en Braam op verskeie maniere gehelp. Noem, **puntsgewys**, VYF maniere waarop Tannie Bets hulle gehelp het. (5)

2.3 In 'n jeugroman kry die leser kans om sekere lesse te leer.

- Gee 'n insident waar Lien 'n positiewe voorbeeld aan die leser gestel het.
- Wat kan die leser uit hierdie voorbeeld leer?

(2)
[15]

VRAAG 3

Miemie word een van Lien se vriende. Sy en Lien gesels oor Lien se ervaringe by die skool.

Opdrag:

Voltooi die gesprek tussen Lien en Miemie in die Antwoordboekie deur Lien se woorde in te vul. Hou by die inhoud van die voorgeskrewe teks wanneer jy hierdie vraag beantwoord.

Hierdie vraag moet in die Antwoordboekie beantwoord word.

[10]

VRAAG 4


Rykdom of armoede speel 'n groot rol in talle van die karakters se lewens en het 'n invloed op die karakters.

Opdrag:

Skryf 'n opstel van 250 – 300 woorde waarin jy van die invloed van geld op die lewens van Lien, Miemie en Tibbey vertel.

Gebruik die ideekaart hieronder. Volg die pyltjies om jou antwoord te formuleer. Die punte tussen hakies dui aan hoeveel feite verwag word. Jou opstel behoort 'n inleiding en slot te hê.

Onthou om die woordtelling aan die einde neer te skryf, bv. 295 woorde.



Assessering: 4 punte word toegeken vir 'n goed gestruktureerde opstel waarin die taal en styl korrek is en die gedagtes logies vloei.

[20]

60 punte


DIE VERDWYNING VAN MINA AFRIKA – Zuretha Roos

Daar is VIER vrae oor hierdie roman. Beantwoord AL VIER vrae.

VRAAG 5

Lees die onderstaande uittreksel en voer dan die opdrag uit.

"Ja, ek kan sien iets pla jou, Minatjie. Wat is dit dan my kind? Jy is so stil vandag! Waar is my babbelbek dan?"



5.1 Beantwoord die volgende vrae:

- 5.1.1 Wat het Mina gepla van haar 'nuwe' blyplek by die De Graaffs? (1)
- 5.1.2 Waarom, dink jy, het Mina se vriendskappe met kinders van haar lokasieskool geëindig? (1)
- 5.1.3 Noem drie voorbeelde van rassediskriminasie teen Mina. (3)
- 5.1.4 Sara de Graaff kon ook as vriendin van Mina beskou word. Maak 'n lys van drie dinge wat Sara vir Mina gedoen het wat aandui dat sy vir haar omgee het. (3)
- 5.1.5 Wat het tot die konflik tussen Mina en die White-susters gelei? (1)
- 5.1.6 Watter ander geld het Mina gebruik om vir die verbeterings aan haar huis te betaal? (1)

5.2 Julie (Mina) het 'n paar vriende tydens haar dae in **Kaapstad** gemaak. Skryf 'n paragraaf (nie meer as 80 woorde nie) waarin jy haar vriendskap met Motjie Sêra bespreek.

Onthou:

- Waar het Julie (Mina) Motjie Sêra die eerste keer ontmoet?
- Hoe het Motjie Sêra vir Julie (Mina) met een van haar probleme gehelp? (Identifiseer die spesifieke probleem **en** sê hoe die persoon haar gehelp het.)
- Watter invloed het die vriendskap op Mina gehad?


Inhoud 4
Taal 1

(5)
[15]

VRAAG 6

6.1 Die karakters in die verhaal het met baie probleme geworstel.

Bestudeer die diagram hieronder. Skryf 'n paragraaf van ongeveer 80 woorde oor die probleme wat die karakters ervaar het.



(8)

6.2 Tietser Meraai het Mina op verskeie maniere gehelp. Noem, puntsgewys, VYF voorbeelde waarop Tietser Meraai haar gehelp het. (5)

6.3 In 'n jeugroman kry die leser kans om sekere lesse te leer.

- Gee 'n insident waar Mina (Julie) 'n positiewe voorbeeld aan die leser gestel het.
- Wat kan die leser uit hierdie voorbeeld leer?

(2)
[15]

VRAAG 7

Mina en Sara ontwikkel 'n goeie verhouding. Mina en Sara gesels oor Mina se ervaringe met die mans in haar lewe.

Opdrag:

Voltooi die gesprek tussen Mina en Sara in die Antwoordboekie deur Mina se woorde in te vul. Hou by die voorgeskrewe teks wanneer jy hierdie vraag beantwoord.

Hierdie vraag moet in die Antwoordboekie beantwoord word.

[10]

VRAAG 8


Rykdom of armoede speel 'n groot rol in talle van die karakters se lewens en het 'n invloed op die karakters.

Opdrag:

Skryf 'n opstel van 250 – 300 woorde waarin jy van die invloed van geld op die lewens van Mina Afrika, Schoeman Oortzen en Dylan Apollis vertel.

Gebruik die ideekaart hieronder. Volg die pyltjies om jou antwoord te formuleer. Die punte tussen hakies dui aan hoeveel feite verwag word. Jou opstel behoort 'n inleiding en slot te hê.

Onthou om die woordtelling aan die einde neer te skryf, bv. 295 woorde.



Assessering: 4 punte word toegeken vir 'n goed gestruktureerde opstel waarin die taal en styl korrek is en die gedagtes logies vloei.

[20]

60 punte

AFDELING B TRANSAKSIONELE SKRYFWERK**INSTRUKSIES**

1. Beantwoord ALBEI vrae in hierdie afdeling.
2. Elke vraag moet op 'n nuwe bladsy gedoen word.
3. Beplan jou antwoorde voordat jy jou finale antwoord neerskryf.
4. Doen die beplanning op die linkerkantse bladsy van die boek.
5. Skryf die opskrif: **BEPLANNING** boaan.
6. Skryf jou finale antwoord op die regterkantse bladsy van die antwoordboek.
7. Skryf die vraagnommer boaan jou finale antwoord.
8. Skryf die getal woorde aan die einde van elke vraag.

VOORBEELD:

	BEPLANNING (linkerkantse bladsy van jou boek)			VRAAG 9 (op die regterkantse bladsy van jou boek) Bv. (200 woorde)	
--	--	--	--	---	--

LET WEL:

Tydens die assessering van hierdie afdeling sal na die volgende gezyk word:

- kennis van die vereistes van die spesifieke skryftaak
- interpretasie van die opdrag
- inhoud en idees
- register en toon
- taalgebruik
- beplanning

VRAAG 9 DIALOOG

Twee tieners gesels oor hulle eie opinies rakende skooluniforms.

- Die een tiener voel dat uniforms baie belangrik is.
- Die ander tiener voel dat dit beslis onnodig is.

Opdrag:

Skryf die gesprek tussen die twee tieners in 150 – 200 woorde neer.



Onthou:

- **Elke spreker** moet ten minste **3 keer** in die dialoog praat.
- Laat 'n reël tussen die spreekbeurte oop.
- Albei sprekers voel baie seker van hul saak en gee redes vir hulle opinie.
- Skryf die getal woorde onderaan die dialoog neer. (bv. 187 woorde)

Spreker 1:	
	(laat 'n reël oop)
Spreker 2:	
	(laat 'n reël oop)

Onthou:

- Die inhoud van jou dialoog moet 150 – 200 woorde lank wees.
- Beplan jou dialoog voordat jy dit neerskryf.

[30]

VRAAG 10 E-POSBOODSKAP

Jy is nou aan die einde van jou skoolloopbaan. In jou graad 12-jaar het jy geleer hoe om suksesvol te wees. Jy het ook heelwat probleme ervaar, maar jy het oplossings daarvoor gevind.

**Opdrag:**

Skryf 'n kort e-posboodskap van ongeveer 50 – 80 woorde aan die 2014-matriekklas waarin jy aan hulle advies gee oor hoe om in graad 12 sukses te behaal.

Jy kan die volgende struktuur gebruik:

Aan	2014klas@toekoms.co.za
Van	
Onderwerp	Hoe om 'n suksesvolle matrikulant te wees
Boodskap	
<ul style="list-style-type: none"> • Noem minstens een ding wat vir jou gewerk het. • Noem een ding wat problematies was. • Motiveer hulle vir die harde werk wat voorlê. 	

Onthou:

- Die inhoud van jou e-pos moet 50 – 80 woorde wees.
- Beplan jou e-pos voordat jy dit neerskryf.

(10)

40 punte

Totaal: 100 punte

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL: VRAESTEL II

EKSAMENNOMMER

--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--	--

Tyd: 2½ uur

100 punte

ANTWOORDBOEKIE

1. Onthou om jou eksamennommer op hierdie Antwoordboekie in te vul.
 2. Onthou om die Antwoordboekie binne-in jou antwoordskrif te plaas voordat jy dit inhandig.
-

VRAAG 3

Lien se Lankstaanskoene – Derick van der Walt

- 3.1 Miemie: Wie is jou gunstelingonderwyser? Hoekom hou jy so baie van daardie onderwyser?

Lien: _____

_____ (2)

- 3.2 Miemie: Wie is jou gunstelingsanger?

Lien: _____
_____ (1)

- 3.3 Miemie: Ek luister na musiek om my probleme te vergeet. Watter twee dinge doen Braam?

Lien: _____

_____ (2)

3.4 Miemie: Al wou jy nie van die begin af by die toneelstuk betrokke raak nie, het jy tog! Noem **een** rede waarom jy betrokke geraak het.

Lien: _____
_____ (1)

3.5 Miemie: Watter rol het jy gekry?

Lien: _____ (1)

3.6 Miemie: Wat het Hein vir die toneelstuk by die skool gedoen?

Lien: _____
_____ (1)

3.7 Miemie: Waarom het jy op die ou end nie saam met Wouter matriekafskeid toe gegaan nie?

Lien: _____
_____ (1)

3.8 Miemie: Watter werk kan jou ma dalk by die skool doen?

Lien: _____
_____ (1)
[10]

VRAAG 7

Die Verdwyning van Mina Afrika – Zuretha Roos

7.1 Sara: Herinner my net weer hoekom jy nie by jou pa kon bly nie. Noem twee redes.

Mina: _____
_____ (2)

7.2 Sara: Waarom wou jy nie met Boeta uitgaan nie?

Mina: _____
_____ (1)

7.3 Sara: Noem een goeie rede hoekom dit nooit sou kon gewerk het tussen jou en Schoeman nie.

Mina: _____
_____ (1)

7.4 Sara: Waar het jy Dylan Apollis ontmoet?

Mina: _____
_____ (1)

7.5 Sara: Hoe het Dylan jou lewe gered?

Mina: _____
_____ (1)

7.6 Sara: Op watter ander manier het Dylan sy liefde vir jou probeer bewys?

Mina: _____
_____ (1)

7.7 Sara: Wat het op die ou end met Dylan gebeur?

Mina: _____
_____ (1)

7.8 Sara: Hoekom het die verhouding tussen jou en Deon nie gewerk nie? Wat het hy gedoen om jou te beskerm?

Mina: _____

_____ (2)

[10]